KODE VIR GOEIE PRAKTYK TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING EN VERVOER VAN GESKUTTE DIERE**

**SKEDULE 3
HERROEPING VAN VERORDENINGE**

**SKEDULE 4
DIE PROSES OM VIR 'N DIERE-IDENTIFIKASIE-MERK AANSOEK TE DOEN, INGEVOLGE DIE WET OP DIE
IDENTIFISERING VAN DIERE, 2002 (WET 6 VAN 2002)**

HOOFSTUK 1

DOEL

1. In hierdie Verordening, tensy die konteks anders aandui, bedoel –

“**Dae**” kalender-dae;

“**Diensleweringsooreenkoms**”, ’n ooreenkoms soos uiteengesit in Artikel 2(2) van hierdie Verordening;

“**Dier**” enige –

- (a) Ekwides (perd, donkie, muil, esel, ponie en verwante spesies en beide geslagte ingesluit);
- (b) Rund (bees en verwante spesies en beide geslagte ingesluit);
- (c) Skaap (en verwante spesies en beide geslagte ingesluit);
- (d) Bok (en verwante spesies en beide geslagte ingesluit);
- (e) Vark (en verwante spesies en beide geslagte ingesluit);

“**Dierebeskermingsvereniging**”, ’n vereniging soos uiteengesit in die Wet op Dierebeskermingsverenigings, 1993 (Wet 169 van 1993);

“**Identifikasiemerk**”, ’n voorgeskrewe merk op ’n dier, soos uiteengesit in Regulasie R1683, gedateer 21 November 2003 en uitgevaardig onder die Wet op die Identifisering van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002);

“**Munisipaliteit**” die Munisipaliteit van die Langeberg Munisipaliteit ingestel by Kennisgewing No. 479 van 2000 ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

“**Openbare pad**”, ’n openbare pad soos omskryf in Artikel 1 van die Nasionale Padverkeerwet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“**Openbare plek**”, enige plek waartoe die publiek toegang het, insluitende enige plein, ontspanningsgebied, sportgronde, oop ruimte, strand, winkelkompleks op munisipale eiendom, ongebruikte en onbeboude munisipale eiendom, begraafplaas of openbare pad;

“**Provinsie**”, die Provinsie van die Wes-Kaap;

“**Raad**” die Raad van Langeberg Munisipaliteit;

“**Reëls van die Hof**”, die huidige reëls gemaak vir Landdroshowe kragtens Artikel 6 van die Wet op die Regsraad vir Regshowe, 1985 (Wet 107 van 1985);

“**SANS 1469:2014**”, die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard vir die menslike hantering, fasiliteite en beskerming van diere by skoue, veilings, verkoopspersele en dierskutte;

“**Skut**”, ’n skut gevestig ingevolge Artikel 2 van hierdie Verordening;

“**Skutopsigter**”, ’n skutopsigter aangestel ingevolge Artikel 3 van hierdie Verordening;

“**Skutregister**”, ’n skutregister soos uiteengesit in Artikel 10 van hierdie Verordening;

“**Staatsveearts**”, ’n veearts in die diens van–

- (a) Die Nasionale Departement verantwoordelik vir landbou sake; of
- (b) Die departement verantwoordelik vir landbou sake in die Provinsie;

“**Veearts**”, ’n veearts soos omskryf in die Wet op Veterinêre en Para-Veterinêre Beroepe, 1982 (Wet 19 van 1982);

“**Vennoot**”, ’n persoon wie n wisselwerking op ’n sosiale- of sakevlak met ’n ander persoon het; en

“**Wet op die Identifisering van Diere**”, Wet op die Identifisering van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002).

HOOFSTUK 2

SKUTTE

Vestiging van skutte

2. (1) 'n Munisipaliteit mag 'n skut vestig en bedryf, op enige geskikte plek binne die munisipale regsgebied.

(2) Ongeag sub-artikel (1), mag die munisipaliteit, onderworpe aan enige toepaslike verordening, 'n diensleweringsooreenkoms met 'n eksterne organisasie sluit wat voorsiening maak vir sodanige eksterne organisasie om namens die Munisipaliteit 'n skut te vestig of te bedryf, of beide.

(3) 'n Munisipaliteit mag nie 'n skut sluit nie, tensy–

- (a) Daar redelike gronde is, wat die sluiting van die skut regverdig
- (b) Die Munisipaliteit die plaaslike gemeenskap en ander belanghebbende persone uitgenooi het om kommentaar en voorstelle oor die voorgename sluiting van die skut aan die Munisipaliteit te lewer, en
- (c) Die Munisipaliteit die kommentaar en voorstelle, soos ontvang ingevolge paragraaf (b), oorweeg en in aggeneem het.

(4) Die Munisipaliteit moet, voordat dit 'n skut sluit, verseker dat alle geskutte diere, afgelewer en ingeneem word by een of meer ander skutte.

(5) Die Munisipaliteit moet kennis gee van die vestiging of sluiting van 'n skut in minstens twee koerante wat in die munisipale gebied versprei word.

Aanstelling van 'n skutopsigter en ander werknemers van 'n skut

3. (1) Die Munisipaliteit –

- (a) Mag 'n skutopsigter vir elke skut aanstel; en
- (b) Mag enige ander werknemers van die skut aanstel

(2) In geval van 'n skut wat ingevolge 'n diensleweringsooreenkoms deur 'n eksterne persoon bedryf word, mag die diensleweringsooreenkoms vereis dat die eksterne persoon verantwoordelik is vir die aanstelling van die skutopsigter en ander werknemers.

(3) 'n Persoon, aangestel ingevolge sub-artikel (1) of (2), moet oor geskikte vaardighede en ervaring beskik.

HOOFSTUK 3

BESLAGLEGGING, SKUT EN VRYLATING VAN DIERE

Beslaglegging op diere vir skutting

4. (1) 'n Verlore, verlate, verdwaalde of oortredende dier, of enige dier wat nie onder die beheer van sy eienaar gehou word nie, of wat gevind is op 'n openbare plek of op privaat eiendom, of wat, ingevolge die Wet op die Identifisering van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002), nie 'n identifikasiemerk het nie, mag, onderworpe aan sub-artikel (2) en (3), in beslag geneem en by 'n skut afgelewer word vir skutting.

(2) In die geval van 'n dier wat in openbare plek gevind word, mag die volgende persone die dier in beslag neem–

- (a) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens;
- (b) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag;
- (c) 'n lid van die Provinsiale Verkeer;
- (d) 'n gemagtigde munisipale beampte

- (e) 'n Skutopsigter of enige ander skut-werknemer deur die skutopsigter gemagtig
- (f) 'n lid van enige dierebeskermingsorganisasie in die Provinsie; of
- (g) Enige ander persoon van tyd-tot-tyd deur die Munisipaliteit gemagtig

(3) In die geval van 'n dier wat op privaat eiendom gevind is, mag die dier deur die grondeienaar of okkupeerder, of deur 'n persoon uiteengesit in sub-artikel (2), in beslag geneem word

(4) 'n Dier wat ingevolge sub-artikel (1) in beslag geneem is, moet op die kortste roete en binne die kortste praktiese tyd by die naaste beskikbare skut afgelewer word, of 'n ander skut of soortgelyke fasiliteit, soos bepaal deur die Munisipaliteit.

(5) 'n Persoon wat 'n dier ingevolge sub-artikel (1) in beslag neem –

- (a) Mag, ten spyte van sub-artikel (1), (2), (3) en (4), 'n dier vrylaat in die sorg van die eienaar; en
- (b) Mag nie die dier vir 'n tydperk van meer as ses-ure aahou, sonder om die dier van genoegsame en geskikte voer en vars water te voorsien nie.

(6) Geen persoon mag 'n dier wat in gevolge sub-artikel (1) in beslaggeneem is, wat in die proses is om na 'n skut vervoer te word of alreeds geskut is, laat werk, mishandel of met woede aandryf nie.

Diere wat te gevaarlik, verwoed, beseer, onbeheerbaar of wild is om geskut te word

5. (1) Indien 'n dier wat ingevolge sub-artikel 4(1) in beslaggeneem is om geskut te word, tekens toon van gevaarlikheid, verwoedheid, besering, onbeheerbaarheid of wildheid, moet die persoon wat die dier in beslaggeneem het –

- (a) Indien hy of sy 'n persoon is wat in artikel 4(2) na verwys word, versoek dat 'n staatsveearts, of indien 'n staatsveearts nie beskikbaar is nie, 'n privaat veearts, die dier evalueer en 'n geskrewe aanbeveling maak en redes vir die aanbeveling voorsien, oor of die dier in 'n toestand is om geskut te word of van kant gemaak moet word of op 'n ander wyse weggedoen moet word; of
- (b) Indien hy of sy enige persoon anders as uiteengesit in artikel 4(2) of 4(3) is, die Munisipaliteit in kennis stel.

(2) Wanneer die Munisipaliteit ingelig is ingevolge sub-artikel 1(b) moet die Munisipaliteit 'n versoek rig soos uiteengesit in sub-artikel 1(a).

(3) Die Munisipaliteit mag enige kostes aangegaan ingevolge sub-artikel (1) en (2) van die eienaar verhaal.

(4) Indien die veearts wat, ingevolge sub-artikel (1)(a), 'n dier ge-evalueer het, voorstel dat die dier van kant gemaak moet word of op 'n ander wyse mee weggedoen moet word, moet die Munisipaliteit die eienaar in kennis stel van die voorgestelde vankantmaking of wegdoening van die dier en versoek dat die eienaar skriftelike toestemming verleen vir die vankantmaking of wegdoening van die dier, of om binne 'n tydperk in die kennisgewing neergelê, skriftelike redes te voorsien waarom die dier nie van kant gemaak of mee weggedoen moet word nie.

(5) Indien die eienaar van die dier skriftelike redes voorsien waarom die dier nie van kant gemaak of mee weggedoen moet word nie en die Munisipaliteit nie daarmee saamstem nie, of indien die eienaar versuim om binne die voorgeskrewe tydperk, skriftelik te reageer op die versoek, soos uiteengesit in sub-artikel (4), moet die Munisipaliteit by die landroshof aansoek doen vir 'n bevel wat die Munisipaliteit magtig om die dier van kant te maak of mee weg te doen.

(6) Indien 'n veearts wie die dier in gevolge sub-artikel (1)(a) ge-evalueer het, voorstel dat die dier van kant gemaak of op 'n ander wyse mee weggedoen moet word en–

- (a) Die vertraging om 'n hofbevel of die toestemming van die eienaar te bekom waarskynlik lyding van die dier sal veroorsaak; of

- (b) Die dier 'n ernstige en dreigende gevaar inhou vir die lewe, gesondheid of veiligheid van enige persoon of enige ander dier,

mag die Munisipaliteit, onder toesig van 'n staatveearts of 'n privaal veearts, indien 'n staatsveearts nie beskikbaar is nie, die dier op 'n menslike manier van kant maak of op 'n ander wyse mee wegdoen.

(7) Indien die Landroshof die vankantmaking of wegdoening van die dier magtig, moet die Munisipaliteit die eienaar in kennis stel en, waar die identiteit en blyplek van die eienaar bekend is, hom of haar van 'n afskrif van die hofbevel voorsien.

(8) Indien 'n dier ingevolge hierdie artikel van kant gemaak of op 'n ander wyse mee weggedoen is, moet die Munisipaliteit die eienaar van die dier in kennis stel.

Diere gevind op grond wat deur die skutopsigter besit of beset word

6. (1) Indien 'n dier, soos uiteengesit in artikel 4(1), ingevolge artikel 4(3) in beslaggeneem is op grond in besit van, of beset deur, 'n skutopsigter, moet die dier–

- (a) Na 'n skut geneem word wat nie in beheer van die skutopsigter is nie; of
- (b) In die sorg van die eienaar van die dier vrygelaat word

(2) 'n Skutopsigter moet die getal en 'n beskrywing van diere wat, ingevolge sub-artikel 1(a), na ander skutte geneem is, in die skutregister aanteken.

Inligting wat aan die skutopsigter verstrek moet word

7. (1) 'n Persoon wat 'n dier by 'n skut aflewer, moet die skutopsigter van die inligting voorsien, soos uiteengesit in Gedeelte I van Skedule 1, indien sodanige inligting aan hom of haar bekend is.

(2) Wanneer 'n persoon 'n dier by 'n skut aflewer en nie die skutopsigter van die inligting, soos uiteengesit in Gedeelte I van Skedule 1, voorsien nie, moet die skutopsigter redelike stappe neem om die inligting te verseker.

Die ontvangs van diere vir skutting

8. (1) 'n Skutopsigter moet enige dier wat vir skutting by die skut afgelewer word en wat ingevolge hierdie Verordening geskut mag word, ontvang en onder sy of haar beheer neem.

(2) 'n Skutopsigter mag weier om 'n dier in ontvangs te neem, indien hy of sy rede het om te glo dat die dier nie wettig in beslag geneem is nie.

(3) 'n Dier mag slegs tydens die ure soos deur die Munisipaliteit bepaal, vir skutting by 'n skut afgelewer word.

(4) 'n Skutopsigter wat onredelik weier of onredelik versuim om 'n dier vir skutting te ontvang–

- (a) Pleeg 'n misdryf; en
- (b) is verantwoordelik vir enige skade berokken aan die eienaar van die dier, of aan enige ander persoon, as gevolg van sodanige weiering of versuim.

Uitreiking van ontvangsbewyse

9. (1) Ingevolge sub-artikel (3), moet 'n skutopsigter 'n ontvangsbewys aan 'n persoon uitreik wat 'n dier vir skutting by 'n skut aflewer.

(2) Die ontvangsbewys moet minstens die volgende inligting vervat:

- (a) Die naam en adres van die persoon wie die dier in beslag geneem het;
- (b) Die naam en adres van die persoon wie die dier aan die skut gelewer het, indien hy of sy verskil van die persoon wie die dier in beslag geneem het;

- (c) Die amp van die persoon wie die dier in beslaggeneem het, indien hy of sy 'n persoon is soos uiteengesit in artikel 4(2);
- (d) Die amp van die persoon wie die dier by die skut afgelewer het, indien hy of sy 'n persoon is soos uiteengesit in artikel 4(2) en verskil van die persoon wie die dier in beslaggeneem het;
- (e) 'n Beskrywing van elke dier wat by die skut afgelewer is;
- (f) Die datum en tyd waarop die dier by die skut ontvang is; en
- (g) Die aantal diere wat op sodanige tyd by die skut afgelewer is deur die persoon wat die dier of diere aan die skut besorg het.

(3) Dit word nie van 'n skutopsigter vereis om aan 'n persoon, wie 'n dier by die skut aflewer in sy of haar amptelike hoedanigheid as werknemer van die skut, 'n ontvangsbewys uit te reik nie.

(4) 'n Skutopsigter moet 'n afskrif van 'n ontvangsbewys wat ingevolge sub-artikel (1) uitgereik is, hou.

Skutregister

10. (1) 'n Skutopsigter moet 'n skutregister byhou wat, vir elke geskutte dier, minstens die toepaslike inligting, waarna in sub-artikel (5) verwys word, vervat en enige ander inligting wat die Munisipaliteit van die skutopsigter vereis om te verseker en aan te teken.

(2) 'n Skutregister moet, onderworpe aan sub-artikel (3), by die skut gehou word of by enige ander perseel, soos deur die Munisipaliteit bepaal, en moet ten alle redelike tye gratis beskikbaar wees vir publieke insae.

(3) Waar 'n geskutte dier by 'n skutverkope aangebied word om verkoop te word, moet die skutopsigter of 'n persoon deur die skutopsigter gemagtig, die skutregister gratis op die perseel van die skutverkope beskikbaar stel vir publieke insae.

(4) 'n Skutopsigter mag, onderworpe aan enige toepaslike wetgewing, 'n afskrif van enige inskrywing in die skutregister aan enige persoon voorsien, teen 'n fooi soos deur die Munisipaliteit bepaal.

(5) 'n Skutopsigter moet die inligting soos vervat in Deel1 van Skedule1 in die skutregister aanteken–

- (a) Onmiddelik na ontvangs van 'n dier by 'n skut, onderworpe aan sub-artikel (6); of
- (b) Binne twee dae nadat die inligting aan die skutopsigter beskikbaar is.

(6) Indien enige inligting, soos uiteengesit in sub-artikel (5) (a), nie tydens die ontvangs van die dier by die skut beskikbaar is nie, moet die skutopsigter die inligting binne twee dae nadat die inligting aan die skutopsigter bekend gemaak is, in die skutregister aanteken.

(7) Ongeag sub-artikel (5), mag 'n skutopsigter nie inligting in die skutregister aanbring, indien enige persoon sodanige inligting in dispuut plaas nie.

(8) 'n Skutopsigter moet binne 14 dae na verkoop van 'n geskutte dier op 'n skutverkope, aan die Munisipaliteit afskrifte voorsien van alle inskrywings in die skutregister ten opsigte van sodanige dier, en die Munisipaliteit moet sodanige afskrifte vir publieke insae bewaar.

(9) 'n Skutopsigter pleeg 'n misdryf indien hy of sy –

- (a) Versuim of weier om aan sub-artikel (1) te voldoen;
- (b) Wetende 'n vals inskrywing in die skutregister maak;
- (c) Enige inskrywing in die skutregister op bedrieglike wyse vernietig of bedrieglik uitwis;
- (d) Opsetlik 'n vals kopie van enige inskrywing in die skutregister aan enige persoon voorsien

Kennisgewing van geskutte diere

11. (1) 'n Skutopsigter moet, binne 7 dae nadat 'n dier geskut is, die eienaar van die dier in kennis stel van die dier se skutting.

(2) 'n Kennisgewing ingevolge sub-artikel (1) moet minstens die volgende inligting vervat:

- (a) 'n Beskrywing van elke geskutte dier;
- (b) Die aantal diere wat geskut is;
- (c) Die straatadres van die skut;
- (d) Die datum waarop die kennisgewing uitgerieik is;
- (e) Die fooie en redelike uitgawes aan die skut verskuldig;
- (f) 'n Verklaring dat die eienaar sodanige fooie en redelike uitgawes binne sewe dae, bepaal vanaf 'n datum in die kennisgewing gestipuleer, kan betwis;
- (g) 'n Verklaring dat indien die eienaar–
 - i. Die fooie en redelike uitgawes betwis; of
 - ii. Nie die fooie of redelike uitgawes betwis nie, maar nalaat om die fooie en redelike uitgawes teen 'n datum, in die kennisgewing gestipuleer, te betaal, die skutopsigter by 'n Landdroshof sal aansoek doen vir 'n bevel wat die skutopsigter magtig om die dier te verkoop.

(3) Waar 'n kennisgewing, soos bepaal in sub-artikel (1), gepubliseer is ingevolge artikel 26(3), moet die kennisgewing, bykomend tot die inligting vereis in sub-artikel (2), 'n verklaring insluit, dat indien die eienaar van die dier nie die skutopsigter van sy of haar identiteit en verblyfplek inlig, teen 'n datum in die kennisgewing gestipuleer, en die skutopsigter, ondanks redelike en ywerige pogings, nie die identiteit of verblyfplek van die eienaar teen sodanige datum kan bekom nie, die skutopsigter by 'n Landdroshof sal aansoek doen vir 'n bevel wat die skutopsigter magtig om die dier te verkoop.

(4) Indien 'n dier wat 'n identifikasiemerk dra, soos bepaal in die Wet op die Identifisering van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002), geskut word, moet die skutopsigter die prosedure volg, soos in Artikel 14 van sodanige wet voorgeskryf.

Vrylating van geskutte diere

12. (1) 'n Skutopsigter moet 'n geskutte dier onmiddelik aan die eienaar vrylaat, sodra die eienaar–

- (a) Voldoende bewys van eienaarskap van die dier voorsien het, en
- (b) Die fooie en redelike uitgawes verskuldig aan die skut, betaal het.

(2) 'n Skutopsigter mag nie 'n dier aan die eienaar vrylaat alvorens die eienaar nie alle fooie en redelike uitgawes verskuldig aan die skut, betaal het nie.

(3) Ongeag sub-artikel (2), indien 'n skutopsigter meer as een van die eienaar se diere geskut het en die totale waarde van die diere oorskry die totale bedrag verskuldig aan die skut, mag die skutopsigter net die getal diere terughou wat redelik nodig is om die bedrag te verseker en die oorblywende diere aan die eienaar vrylaat.

(4) 'n Skutopsigte wat 'n dier ingevolge sub-artikel (3) terughou, moet, soos uiteengesit in artikel 18, by 'n Landdroshof aansoek doen vir magtiging om die diere te verkoop.

(5) 'n Skutopsigter wie meer diere terughou as die getal in sub-artikel (3) voorsien, is aan die eienaar aanspreeklik vir enige skade deur die eienaar gely as gevolg van sodanige terughouding.

(6) 'n Skutopsigter mag 'n geskutte dier aan die eienaar vrylaat, indien die skutopsigter daarvan oortuig is dat die dier nie wettig in beslaggeneem of geskut is nie

HOOFSTUK 4

HANTERING, VERVOER, BEHANDELING EN VERSORGING VAN DIERE

Kode vir Goeie Praktyk

13. 'n Persoon wie

- (a) 'n Dier in beslagneem of skut ingevolge hierdie verordening; of
- (b) 'n Dier hanteer of vervoer in die loop van sy beslaglegging, aflewering by 'n skut, skutting, of vir die doel van 'n skutverkope

moet, die toepaslike bepalings van die Kode vir Goeie Praktyk nakom ten opsigte van die hantering en vervoer van geskutte diere, soos uiteengesit in Skedule 2.

Behandeling en versorging van geskutte diere

14. (1) 'n Skutopsigter moet verseker dat geskutte diere behoorlik versorg word, wat insluit dat –

- (a) Genoegsame en geskikte voer en vars water te alle tye beskikbaar is;
- (b) Die diere skoon gehou word;
- (c) Die diere voorsien word van behoorlike skuiling; en
- (d) Dat veearts-behandeling aan diere voorsien word, wanneer nodig.

(2) 'n Skutopsigter wie in gebreke bly om sub-artikel (1) na te kom, pleeg 'n misdryf.

(3) 'n Skutopsigter moet alle redelike stappe neem om vegtery tussen diere te voorkom.

Skutkampe / -hokke en toerusting

15. 'n Skutopsigter moet verseker dat–

- (a) Die skuilings waarin geskutte diere aangehou word, skoon en net gehou word, en so ver prakties moontlik, vry is van besmetting, pes en ongediertes
- (b) Verskillende geskutte dierspesies in afsonderlike kampe gehou word;
- (c) Geskutte manlike diere en geskutte vroulike diere in afsonderlike kampe gehou word; en
- (d) Toerusting wat in die skut gebruik word vir die hantering, behandeling en versorging van diere, te alle tye in 'n skoon toestand gehou word en vry is van pes en ongediertes.

HOOFSTUK 5

VERNIETIGING VAN, BESERING AAN EN VREKTES OF DIEFSTAL VAN DIERE

Afmaak van geskutte diere

16. (1) Indien 'n geskutte dier tekens toon dat dit gevaarlik kwaai is, ernstig beseer of ernstig siek is, of aan enige ander toestand ly wat lyding veroorsaak, mag die skutopsigter versoek dat 'n Staatsveearts, of 'n privaat veearts, indien 'n Staatsveearts nie beskikbaar is nie, die dier ondersoek en 'n skriftelike aanbeveling maak of die dier vernietig moet word en redes vir die aanbeveling voorsien.

(2) Indien die veearts aanbeveel dat die dier vernietig moet word, moet die skutopsigter so gou as moontlik, maar nie langer nie as twee dae na ontvangs van die aanbeveling en die redes vir die aanbeveling, die eienaar van die dier in kennis stel van die aanbeveling en die redes vir die aanbeveling en die eienaar versoek om skriftelik toestemming te verleen vir die dier se

vernietiging, of om, teen 'n datum in die kennisgewing gestipuleer, skriftelike redes te gee waarom die dier nie vernietig moet word nie.

(3) Indien die eienaar van die dier–

- (a) Versuim om teen die datum soos in die kennisgewing gestipuleer, op die versoek vir toestemming, is soos voorsien in sub-artikel (2), reageer; of
- (b) Skriftelike redes voorsien waarom die dier nie vernietig moet word nie en die Munisipaliteit stem nie daarmee saam nie,

moet die skutopsigter by 'n Landdroshof met jurisdiksie oor die gebied waar die skut geleë is, aansoek doen vir 'n bevel wat die skutopsigter magtig om die dier te vernietig.

(4) Indien die Landdroshof die vernietiging van die dier goedkeur en die eienaar is nie daarvan bewus nie, moet die skutopsigter die eienaar van die bevel in kennis stel, en waar die identiteit en woonplek van die eienaar bekend is, die eienaar van 'n afskrif van die bevel voorsien

(5) Ondanks sub-artikels (2), (3) en (4), indien die vertraging om die eienaar se toestemming of die hofbevel te verkry lyding veroorsaak, of die dier 'n ernstige bedreiging vir die lewe, gesondheid en veiligheid van enige persoon of enige ander dier inhou, mag die skutopsigter of 'n persoon deur die skutopsigter gemagtig, die dier op 'n menslike wyse, onder toesig van 'n Staatsveearts of 'n privaat veearts, indien 'n Staatsveearts nie beskikbaar is nie, vernietig.

(6) Indien 'n dier ingevolge hierdie artikel vernietig is, moet die skutopsigter die Munisipaliteit en die eienaar van die dier, ingevolge Artikel 17, in kennis stel.

Kennisgewing van beseerde, gevrekte of gesteelde diere

17. Indien 'n dier beseer word, vrek of gesteel word, terwyl dit na 'n skut vervoer word vir skutting, of tydens die skut van die dier, moet die skutopsigter die Munisipaliteit en die eienaar van die dier van die besering, vrekte of diefstal van die dier in kennis stel en, in die geval van vrekte van die dier, die metode van wegdoening met die karkas.

HOOFSTUK 6

SKUTVERKOPE

Aansoek vir magtiging om geskutte diere te verkoop

18. (1) 'n Skutopsigter mag nie geskutte diere verkoop tensy daartoe gemagtig deur bevel van 'n Landdroshof.

(2) Indien die eienaar van 'n geskutte dier –

- (a) Die fooie en redelike uitgawes, soos voorsien in artikel 11(2)(e), betwis;
- (b) Nie die fooie en redelike uitgawes betwis nie, maar nalaat om die fooie en redelike uitgawes voor die datum, soos in artikel 11(2)(g)(ii) voorsien, te betaal; of
- (c) Nie die skutopsigter oor sy of haar identiteit en woonplek inlig teen die datum soos bepaal in artikel 11(3) nie en die skutopsigter nie in staat is om, ten spyte van redelike en ywerige stappe geneem, nie die identiteit of woonplek van die eienaar teen sodanige datum vas te stel nie,

moet die skutmeester by 'n landdroshof, met jurisdiksie oor die gebied waar die skut geleë is, aansoek doen vir 'n bevel wat die skutopsigter magtig om die dier te verkoop.

(3) Die aansoek, soos bepaal in sub-artikel (2), moet binne 30 dae gerig word, vanaf -soos die geval mag wees–

- (a) Die datum waarop die skutopsigter ingelig is oor die dispuut, soos voorsien in sub-artikel 2(a); of
- (b) Verstryking van die datum, soos bepaal in sub-artikel 2(b) of (c).

(4) Die aansoek moet 'n beëdigde verklaring vervat wat minstens die volgende insluit –

- (a) 'n Afskrif van elke bladsy van die skutregister waarop daar 'n tersaaklike inskrywing van die betrokke dier is;
- (b) 'n Afskrif van die kennisgewing, soos voorsien in artikel 11;
- (c) Waar die identiteit en woonplek van die eienaar bekend is, 'n bewys dat die kennisgewing op die eienaar gedien was;
- (d) Waar die identiteit en woonplek van die eienaar onbekend is, 'n beëdigde verklaring oor die proses gevolg om die identiteit en woonplek van die eienaar vas te stel en 'n bewys dat die kennisgewing, soos voorsien in artikel 26(3), geadverteer is;
- (e) Die fooie en redelike uitgawes aan die skut verskuldig; en
- (f) Die waarde van elke betrokke dier, soos bepaal deur 'n onafhanklike waardeerder.

(5) Die hof mag, ongeag of die bedrae, in sub-artikel (4)(e) voorsien, betwis word–

- (a) Summier die aangeleentheid ondersoek, en
- (b) Die bevel maak wat regverdig en billik geag word, insluitend 'n bevel-
 - (i) Oor die fooie en kostes; en
 - (ii) Oor die proses wat deur die skutopsigter gevolg moet word indien 'n magtigingsbevel, om die dier te verkoop, nie toegestaan word nie.

Kennisgewing van skutverkope

19. (1) Indien 'n landroshof die verkoop van 'n dier gemagtig het, moet die skutopsigter, ten minste vyf dae voor die skutverkope, die Munisipaliteit en die eienaar in kennis stel van die datum, tyd en plek van die verkope en die spesies, kleur, merke en ander uitstaande kenmerke asook die aantal diere wat op die datum te koop aangebied word.

(2) 'n Kennisgewing van die skutverkope moet, ingevolge artikel 26(3), geadverteer word totdat die skutverkope afgehandel is.

Skutverkope

20. (1) 'n Skutverkope moet –

- (a) Deur 'n skutopsigter of 'n persoon deur die skutopsigter aangewys of die Munisipaliteit behartig word; en
- (b) Begin op die tyd soos in die kennisgewing, in artikel 19(1) voorsien, aangedui.

(2) 'n Dier wat tydens 'n skutverkope verkoop is, moet, soos deur die Munisipaliteit bepaal word, betaal word.

(3) Alle diere, behalwe skape en bokke, moet afsonderlik verkoop word.

(4) Skape en bokke moet in troppe, van nie meer as 10 nie, verkoop word.

(5) Skape of bokke, of skape en bokke met veskillende identifisiemerke mag nie in dieselfde trop verkoop word nie.

(6) Die Munisipaliteit mag 'n reserwe-prys vir enige dier wat op die skutverkope aangebied word, bepaal.

(7) Die reserwe-prys moet redelik wees en vasgestel word met inagneming van die waarde van die dier, soos deur 'n onafhanklike waardeerder bepaal.

(8) Die persoon wat 'n skutverkope behartig, mag enige dier van die skutverkope onttrek, indien die hoogste bod wat ontvang is, nie bevredigend is nie, ongeag of die Munisipaliteit 'n reserwe-prys vasgestel het.

Opbrengste uit skutverkope

21. (1) Onderworpe aan sub-artikel (2), moet die opbrengs van 'n skutverkope aangewend word om die fooie en redelike kostes, aan die skut verskuldig, ten opsigte van die betrokke diere, te delg.

(2) Indien die inkomste uit die skutverkope van 'n dier die fooie en redelike kostes oorskry –

- (a) Moet die skutopsigter die oorskotbedrag aan die Munisipaliteit betaal; en
- (b) Moet die Munisipaliteit, onderworpe aan sub-artikel 3, binne 30 dae vanaf die datum van die skutverkope, sodanige bedrag aan die eienaar van die dier, ten tye van die skutting daarvan, oorbetaal.

(3) Indien die identiteit of woonplek van 'n persoon, in sub-artikel (2)(b) na verwys, nie vasgestel kan word nie, ondanks redelike en ywerige pogings deur die munisipalitet aangewend, om dit te bekom, moet die Munisipaliteit, op die wyse soos in Artikel 26 (3) bepaal, die volgende inligting adverteer:

- (a) Die datum, tyd en plek van die skutverkope waartydens die dier verkoop is;
- (b) Die bedrag, aan die betrokke persoon verskuldig; en dat,
- (c) Indien die persoon sou versuim om die opbrengs, aan hom of haar verskuldig, binne drie jaar vanaf die skutverkope op te eis, die opbrengs die Munisipaliteit sal toeval.

(4) Indien die identiteit of woonplek van die persoon, in sub-artikel (2)(b) voorsien, nie vasgestel kan word nie, ongeag of die Munisipaliteit die stappe, soos uiteengesit in sub-artikel (3), geneem het en die persoon eis nie die opbrengs aan hom of haar verskuldig, binne drie jaar vanaf die datum van die skutverkope op nie, sal die opbrengs die Munisipaliteit toeval.

(5) Indien die opbrengs uit die verkope van 'n dier minder is as die fooie en redelike uitgawes aan die skut verskuldig, mag die skutopsigter die tekort van die persoon verhaal, wie die dier tydens skutting besit het, tensy 'n hofbevel, soos voorsien in artikel 18(5), anders bepaal.

Persone wat nie diere, wat te koop aangebied word, mag koop nie

22. Die volgende persone mag nie direk of indirek diere wat tydens 'n skutverkope te koop aangebied word, koop nie:

- (a) Die skutopsigter van die skut;
- (b) 'n Amptenaar van die skut;
- (c) 'n Amptenaar van die Munisipaliteit;
- (d) 'n Raadslid van die Munisipaliteit
- (e) 'n Persoon, anders as die skutopsigter, wat die skutverkope behartig; of
- (f) 'n Familielid, insluitend 'n lewensmaat, of 'n vennoot van 'n persoon soos bepaal in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e).

Diere wat nie tydens 'n skutverkope verkoop is nie

23. 'n Skutopsigter mag 'n landdroshof, met jurisdiksie oor die gebied waar die skut geleë is, nader vir gepaste verligting ten opsigte van 'n dier wat op 'n skutverkope te koop aangebied is, maar nie verkoop is nie.

HOOFSTUK 7

ALLERLEI

Foie en redelike uitgawes

24 .(1) Die Munisipaliteit mag van tyd tot tyd foie vasstel vir die aanhou van diere in 'n skut, en mag tussen verskillende tipes diere onderskei, wanneer foie bepaal word.

(2) Die foie moet by die skut vertoon word op so 'n wyse dat dit maklik sigbaar is vir die publiek.

(3) Die skutopsigter moet–

- (a) Die eienaar van die geskutte dier met die foie hef , soos deur die Munisipaliteit vasgestel iingevolge sub-artikel (1)
- (b) Van die eienaar van die geskutte dier alle redelike uitgawes, aangegaan as gevolg van die skutting van die dier, invorder, insluitend, maar nie beperk tot die volgende:
 - (i) Die kostes van enige veedip, veearts-behandeling, inenting of ander behandeling wat nodig mag wees of wat, ingevolge hierdie verordening of enige ander wet, vereis word;
 - (ii) Die kostes om, ingevolge hierdie verordening, enige kennisgewing of advertensie, aan die eienaar uit te reik;
 - (iii) Die kostes om die dier te laat waardeer, soos bepaal in artikel 18(4)(f);
 - (iv) Enige ander onvoorsiene uitgawes.

(4) 'n Skutopsigter moet alle foie wat hy of sy van diere-eienaars ontvang, aan die Munisipaliteit oorbetaal.

(5) Indien 'n eksterne party, involge 'n diensleweringsooreenkoms, die skut namens die Munisipaliteit bedryf, moet die ooreenkoms die vergoeding van die eksterne party, vir die bedryf van die skut, en die terugbetaling van uitgawes deur die eksterne party aangegaan om die skut te bedryf, reguleer.

Afskrifte van die Verordening

25. 'n Skutopsigter moet verseker dat afskrifte van hierdie verordening by die skut beskikbaar is vir publieke insae.

Kennisgewing aan die eienaar van 'n dier

26. (1) Waar hierdie verordening vereis dat 'n persoon die eienaar van 'n dier moet inlig oor enige saak, moet die kennisgewing skriftelik wees en op 'n toepaslike manier op die eienaar gedien word, insluitend by wyse van 'n persoonlike diens.

(2) Indien die identiteit of woonplek van die eienaar onbekend is, moet die persoon, in sub-artikel (1) voorsien, alle redelike en billike stappe neem, om dit vas te stel.

(3) Indien, ten spyte daarvan dat sulke stappe geneem is, die identiteit en woonplek van die eienaar onbekend bly, moet die persoon, in sub-artikel (1) voorsien, die kennisgewing minstens op die volgende wyse adverteer:

(a) Op die kennisgewingbord van–

- (i) Die Munisipaliteit, by die hoof munisipale kantoor
- (iii) Die skut
- (iv) Die Suid-Afrikaanse Polisie Diensstasie, naaste aan die skut; en
- (v) Een biblioteek in die omgewing van die skut; en

(c) Op twee opeenvolgende uitgawes, in minstens een nuusblad met algemene verspreiding in die munisipale area.

Aksie vir skadevergoeding

27. Niks in hierdie verordening verhoed enige persoon, insluitend die eienaar of bewoner van die grond waarop die dier ingevolge hierdie verordening op beslag gelê is, om in 'n hof met regsbevoegdheid regsstappe teen die eienaar van die dier in te stel vir die vergoeding van skade wat die persoon gely het as gevolg van die oortredende of rondlopende dier.

Aanspreeklikheid vir vrektes, diefstal of beserings

28. Die Munisipaliteit, 'n skutopsigter of enige beampte, amptenaar of agent van die Munisipaliteit of van die skut wat redelik ingevolge hierdie verordening optree, is nie aanspreeklik vir die dood of diefstal of besering van enige dier, wat op enige wyse voortspruit, of wat in die loop van die dier se beslaglegging, skutting, vrylating of verkoping tydens 'n skutverkope plaasvind nie.

Hofaansoeke

29. 'n Aansoek by 'n landdroshof ingevolge die bepalings van hierdie verordening moet voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944) en die Reels van die Hof.

Oortredings en strawwe

30. (1) 'n Persoon pleeg 'n misdryf, indien hy of sy–

- (a) Onwettig 'n dier vrylaat, of probeer vrylaat, wat wettig in beslaggeneem is vir die doel om geskut te word, of wat wettig geskut is;
- (b) Onwettig 'n dier in beslagneem vir die doel om die dier te skut;
- (c) Onwettig 'n dier skut;
- (d) Enige persoon opsetlik belemmer of inmeng in die uitvoering van enige magte of die uitvoering van enige pligte ingevolge hierdie verordening; of
- (e) Inligting wat ingevolge hierdie verordening vereis word, voorsien wat onwaar, verkeerd of misleidend en van deurslaggewende aard is

(2) 'n Persoon wie skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge sub-artikel (1) of enige ander bepalings van hierdie verordening, is onderhewig aan 'n boete of gevangenskap vir 'n tydperk van nie meer as vyf jaar, of beide die boete en die gevangenskap.

Herroeping van Verordeninge

31. Die verordeninge soos uiteengesit in Skedule 3 word hiermee herroep in sover dit in die munisipale gebied van toepassing is

Skedules

32. Skedules 1, 2, 3 en 4 vorm deel van hierdie verordening.

Oorgangsbepalings

33. (1) 'n Skutopsigter wie, onmiddelik voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening, 'n skut in die munisipale gebied bedryf het –

- (a) Word geag, aangestel te wees ingevolge artikel 3; en
- (b) Moet verseker dat die praktyke en prosedures van die skut aan hierdie Verordening voldoen, binne een jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie verordening.

Kort titel

34. Hierdie verordening sal bekend staan as die Skut-Verordening van die Langeberg Munisipaliteit

SKEDULE 1**SKUTREGISTER-INLIGTING
(Artikel 10)****DEEL I**

1. Datum waarop dier ontvang is
2. Ras, geslag, kleur, en geskatte ouderdom van die dier
3. Identifikasiemerke of kenmerke op die dier
4. Inligting van enige siektes waaraan die dier ly of beserings wat die dier opgedoen het
5. Naam, amp, werksadres, telefoonnommer en e-posadres van die persoon wat die dier, ingevolge artikel 4, in beslaggeneem het.
6. Naam, amp, werksadres, telefoonnommer en e-posadres van die persoon wie die dier, ingevolge artikel 4, by die skut afgelewer het, indien anders as die persoon wie die dier in beslaggeneem het.
7. Naam, adres of woonplek, telefoonnommer en e-pos adres van die eienaar van die dier.
8. Beskrywing van die plek waar die dier gevind is.
9. Beskrywing van die plek waar die dier in beslaggeneem is, indien die plek verskil van waar die dier gevind is.
10. Redes vir die dier se skutting.
11. Afstand tussen die skut en waar die dier in beslag geneem is.

DEEL II

1. Ooretiketnommers, deur die skutopsigter aan elke dier toegeken, waar van toepassing
2. Vervoerkostes betaalbaar
3. Beskrywing en bedrag van skut fooie
4. Besonderhede of die dier vrygelaat, vernietig of op 'n ander wyse mee weggedoen of verkoop is.
5. Redes vir die dood van die dier
6. Datum waarop die dier gevrek het
7. Oorsaak van besering aan die dier
8. Besonderhede van die dier se diefstal
9. Indien van toepassing, besonderhede van al die voorsorgmaatreëls wat getref is om besering, vrekke of diefstal van die dier te voorkom
10. Indien van toepassing, besonderhede van die stappe wat geneem is om die dier te help voor dit gevrek het of toe dit beseer is.
11. In die geval van die vrekke van 'n dier, die wyse waarop die karkas mee weggedoen is.
12. Datum van vrylating van die dier
13. Besonderhede van 'n hofbevel rakende die dier, insluitend enige bevel ten opsigte van fooie en kostes
14. Opbrengs uit die verkoop van 'n dier
15. Naam en adres van die koper
16. Opbrengs aan die eienaar van 'n dier verskuldig.
17. Ontvangstrokielnommer
18. Besonderhede van die Staatsveearts of privaat veearts wie aanbeveel het dat die dier vernietig of op 'n ander wyse mee weggedoen moet word en die redes vir die aanbeveling
19. Besonderhede van enige kennisgewings op 'n eienaar van die dier gedien
20. Die getal en beskrywing van diere wat op grond wat deur 'n skutopsigter besit of beset word, in beslag geneem is en by 'n ander skut afgelewer is.

**SKEDULE 2
KODE VAN GOEIE PRAKTYK VIR DIE HANTERING EN VERVOER VAN GESKUTTE DIERE**

(Artikel 13)

DEEL 1: VEEKAMPVEREISTES

1. Diere van verskillende spesies moet in afsonderlike veekampe gehou word.
2. Diere mag nie in oorvol veekampe ingehok word nie, en die ruimte wat binne elke veekamp vir die doel van inkamping voorsien word, moet sodanig wees dat alle diere tegelyk kan lê en moet minstens 1.5m² vloer ruimte per dier toelaat.
3. Weerspannige diere mag nie saam met ander diere aangehou word nie.
4. Jong, pasgespeende onvolwasse diere mag nie saam met volwasse diere ingekamp word nie, behalwe in die geval van 'n ma en haar kroos.
5. Voorsiening moet in veekampe gemaak word vir—
 - a. Fasiliteite soos roosters, trôe en ander geskikte voerbakke wat maklik skoongemaak kan word en wat sal toelaat dat 'n dier nie van die vloer af vreet nie, en wat gediens kan word sonder om die diere te versteur.
 - b. Watertrôe met 'n voldoende toevoer van geskikte vars water te alle tye.
 - c. Toereikende fasiliteite vir die behoorlike skoonmaak van veekampe; en
 - d. Fasiliteite vir die veilige hantering van diere.
6.
 - a) Die veekampe moet te alle tye na behore in stand gehou word.
 - b) Skerp voorwerpe soos die punte van drade, stukkende planke en onafgewerkte rante of skarniere en grendels wat uitsteek en wat beserings aan diere kan veroorsaak, moet verwyder word of gepas bedek word.
7. Die veekamp se hele vloer, aflaaiahellings ingesluit, gange en deurgange, moet so opgerig wees dat dit geskikte, geengly oppervlaktes bied wat effektief en doeltreffend skoongemaak en drooggehou kan word en in 'n toetsand wat geskik is vir die aanhouding van diere.

DEEL 2: HANTERING VAN DIERE

8. Diere moet te alle tye menslik en met verdraagsaamheid en geduld hanteer word.
9. Die volgende moet in gedagte gehou word wanneer daar met diere gewerk word—
 - a. Diere reageer meer geredelik daarop om aangejaag te word wanneer die aanjaer agter die dier staan maar steeds binne die dier se sigveld is, en
 - b. Trop-diere reageer meer geredelik in 'n trop, eerder as enkel, wanneer aangejaag word.
10. Diere mag nie aan hul bene gesleep, of aan die kop, ore of stert gedra word nie.
11. Jong kalfies wat nog nie behoorlik kan loop nie, moet gedra word, deur die kalf rondom die borskas en agterstewe op te tel. So nie, moet hulle gelei word met een hand op die agterstewe en die ander naby die skouer of nek en teen 'n gepaste en gemaklike pas in die verlangde rigting gestuur word.
12. Wanneer diere aangedryf word, mag slegs stokke met seil- of gordelrieme gebruik word en moet daar verkieslik op die grond agter die dier geslaan word, eerder as om die dier te slaan.
13. Elektriese aanspoorders, stokke of sambokke mag nie op jong kalfies gebruik word nie.
14. Elektriese aanspoorders mag nie uitermatig of blindweg of op die gesig, anale- of geslagsdele van diere gebruik word nie.

DEEL 3: VERSKUIWING VAN DIERE

15. Lopende diere wat aangedryf word, moet te alle tye onder behoorlike en bevoegde toesig wees.
16. Lopende diere moet op 'n kalm wyse aangedryf word en teen 'n ontspanne en gemaklike pas, natuurlik aan die aard van sodanige dier, en nie vinniger nie as die pas van die stadigste dier.
17. Diere mag nie vir tydperke langer as agt uur aangedryf word, sonder om minstens vir een uur te rus en van genoegsame vars water voorsien te word, wat tot al die diere se beskikking is.
18. Geen lopende dier mag verskuif word oor afstande, langer as die volgende, nie—

- a. Tydens 'n reis wat nie langer as een dag duur nie–
 - i. 20 kilometers vir skape en bokke, en
 - ii. 30 kilometers vir beeste, en
 - b. Tydens 'n reis wat langer as een dag duur–
 - i. 20 kilometers op die eerste dag en 15 kilometers op elke daaropvolgende dag vir skape en bokke, en
 - ii. 25 kilometers op die eerste dag en 20 kilometers op elke daaropvolgende dag vir beeste.
19. Diere moet onmiddellik by bereiking van hul nagkamp of finale bestemming voorsien word van water en voldoende voer wat van gehalte is en gepas is vir die spesie.
20. Diere mag nie in die donker verskuif word nie.
21. Geen siek, beseerde of gestremde dier mag te voet verskuif word nie.

DEEL 4: VOERTUIE GEBRUIK VIR DIE VERVOER VAN DIERE

22. Voertuie en alle sleepwaens wat vir die vervoer van hoefdiere gebruik word, moet geskik wees vir die vervoer van sodanige diere en in 'n padwaardige toestand wees.
23. Alle voertuie en sleepwaens, in punt 22 na verwys, moet sodanig wees om –
- a. 'n geskikte, gly-vaste vloer, toereikende ventilasie en lig en toereikende beskerming teen uitlaatgasse te verseker;
 - b. Te verseker dat sykante hoog genoeg is om te verhoed dat diere ontsnap of uit veelvlakkige voertuie val, en die hoogtes tussen dekke toereikend is en vloere solied en waterdig is
 - c. Te verseker dat hekke, met of sonder tussenskotte–
 - i. Só ontwerp en gebou is dat dit sterk genoeg en geskik is vir die vervoer van die beoogde lading, en
 - ii. Vrylik oop en toe kan maak en behoorlik gegrendel kan word.
24. Die digtheid waarteen diere in enige gegewe ruimte geprop word, moet van so 'n aard wees om die veiligheid en gemak van die diere tydens vervoer te verseker, en die aanbevole vloerruimte per dier is–
- a. 1.4m² per groot dier; en
 - b. 0.5m² per klein dier.

DEEL 5: VOORSIENING VAN WATER EN VOER ALVORENS LEWENDE DIERE OPGELAAI WORD

25. Diere moet van genoegsame en geskikte kos en vars water voorsien word totdat die reis 'n aanvang neem.

DEEL 6: LAAI- EN AFLAAIPROSEDURE

26. Laai en aflaai in of vanuit 'n voertuig moet so stil en rustig as moontlik vermag word, met geduld en verdraagsaamheid en sonder oormatige treitering, verskrikking, kneusing, besering, lyding of onnodige stres van die diere.
27. Geen dier mag op- of afgelaai word deur dit aan sy kop, vag, vel, ore, stert, horings of bene op te tel nie.
28. Laaibrûe moet reg tot die presiese hoogte van die voertuig se vloer verstel word.
29. Reise moet so gou as moontlik begin, nadat die lewende diere gelaai is en die diere moet onverwyld by aankoms by die bestemming, afgelaai word.
30. As daar rede bestaan om te glo dat 'n dier waarskynlik in die loop van 'n voorgenome reis geboorte gaan skenk, mag die dier nie op 'n voertuig gelaai word nie.
31. In die geval waar 'n dier geboorte skenk onderwyl vervoer word, moet die nodige maatreëls getref word om die beskerming van die ma en kroos te verseker teen vertrapping of andersinds besering of teistering deur ander diere.
32. In die geval waar–
- a. Die transport voertuig onklaar raak;

- b. Die transport voertuig in 'n ongeluk of botsing betrokke is; of
- c. Enige dier in transito beseer word, of vrek,

moet die karwyder onmiddelik die besonderhede rapporteer en bystand versoek van

- i. in die geval van paragraaf a, 'n bystand- of insleepdiens,
- ii. in die geval van paragraaf b, die Suid-Afrikaanse Polisie diens en verkeersowerhede, of
- iii. in die geval van paragraaf c, 'n veearts,.

DEEL 7: VASMAAK VAN DIERE TYDENS VERVOER

- 33. Waar die vervoer van enige dier besering van die dier self of enige ander dier mag veroorsaak, moet die dier op so 'n manier vasgemaak word, dat sodanige beserings verhoed word.
- 34. Geen dier mag vir langer as vier ure, in 'n tydperk van 24 uur, vasgemaak bly nie.
- 35. Geen draad of baal draad mag gebruik word om die dier se bene of pote vas te bind nie.
- 36. Om verwurging of 'n gebreekte nek te verhoed, mag 'n slipknoop nie gebruik word waar diere aan hulle horings of nek aan die voertuig vasgemaak word nie, en die tou moet op die vlak van die dier se knieë aan die voertuig vasgemaak word, sodat die moontlikheid van ernstige beserings of vrekte verminder kan word in geval die dier sou val, met die tou lank genoeg om die dier toe te laat om gemaklik met sy kop regop, in 'n natuurlike posisie te kan lê.

SKEDULE 3**HERROEPING VAN VERORDENINGE
(ARTIKEL 31)**

<u>Provinsiale Koerant</u>	<u>Titel</u>	<u>Omvang van die Herroeping</u>
Provinsie van Wes-Kaapland: Provinsiale Koerant 6030, gedateer 13 Junie 2003	Breërivier / Wynland Munisipaliteit Verordening insake die Skut van Diere.	In die geheel

SKEDULE 4**DIE PROSES OM VIR 'N DIERE-IDENTIFIKASIERMerk AANSOEK TE DOEN, INGEVOLGE DIE WET OP DIE
IDENTIFISERING VAN DIERE, 2002 (WET 6 VAN 2002)**

- Voltooi die aansoekvorm vir die registrasie van 'n Identifikasie-merk.
- Betaal die toepaslike fooi van R165.00 (R135.00 registrasie fooi en R30.00 posgelde) in die volgende bankrekening.
 - Rekening Naam: Departement: Landbou, Bosbou en Vissery
 - Bank: Standard Bank
 - Rekeningnommer: 011252871
 - Taknommer: 010845 (Arcadia)
- Maak afskrifte van alle dokumentasie en bewaar vir eie rekords.
- Stuur die volgende dokumentasie aan MoseboM@daff.gov.za (bevestig ontvangs 012 319 7431) of faks na 012 319 7551 (bevestig ontvangs 012 319 7637)
 - Voltooide aansoekvorm
 - Bank depositostrokke (bewys van betaling) met ID nommer as verwysing
 - Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument (ID)
 - Bewys van posadres (nie ouer as 3 maande)
- U behoort binne 30 dae terugvoering vanaf die Departement: Landbou, Bosbou en Vissery te ontvang.
- Aansoekvorms kan afgelaai word vanaf die Departement: Landbou, Bosbou en Vissery se webblad of verkry word van enige Departement: Landbou, Bosbou en Vissery kantoor.

